

**Donderdag 3 September**

**Skrifgedeelte: Rut 1:19-22**

**Fokusgedeelte: Rut 1:21**

**God werk binne jou omstandighede!**

**B**inne Naomi se omstandighede was dit vir haar baie moeilik om die hand van die Here raak te sien. Nadat haar man en albei seuns in Moab dood is, waar hulle tydens die hongersnood in Israel 'n heenkome gaan soek het, het sy en Rut terugkeer huis toe.

Sy het haar dorp se vroue se groet: "Is dit Naomi?" beantwoord met: "Noem my nie Naomi (lieflik) nie. Noem my Mara (bitter), want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen." Die werklikheid was dat God besig was om vir haar 'n wonderlike toekoms uit te werk. Sy was die grootmoeder van koning Dawid, uit wie die Verlosser, Christus, gebore sou word.

Binne ons omstandighede voel dit soms soos wanneer mens teenaan 'n skildery staan. Daar is dan net blertse verf wat geensins sin maak nie. Dit is eers wanneer mens terugstaan dat die skildery verander in 'n kunswerk. Eendag sal ons alles aanskou soos dit moet wees. Intussen moet ons geduldig wees.

Ons kan nie altyd God sien werk in ons lewens nie. Vir ons lyk dit of dinge verkeerd verloop, maar God weet beter. "Ek weet wat ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting. Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra" (Jer. 29:11-13).

God is persoonlik met jou besig binne jou omstandighede, watter groot genade!

*Sing: Psalm 90-1:1, 3*

*Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*